G. C. P. van der Vyver, *Professor Dirk Postma* 1818–1890, Pro Rege pers, Potchefstroom 1959, 499 bls. Prys 32/6.

Hoewel hierdie werk netsoos die hieropvolgende nie aan die Redaksie gestuur is om te resenseer nie, wil ons tog by wyse van aankondiging 'n paar woorde oor hierdie twee werke sê want sonder belang is beide seker nie.

Die werk van Van der Vyver het as 'n doktorsproefskrif aan die Potchefstroomse Universiteit gedien en is dan ook 'n deeglike akademiese werk wat die lewe en arbeid van Ds. Dirk Postma, die stigter van die

Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, beskrywe. Hierdie werk word in twee groot dele verdeel nl. Ds. Postma in Nederland en Ds. Postma in Suid-Afrika.

Oor die eerste deel kan die opmerking gemaak word dat die skrywer merkwaardig genoeg, die uiters belangrike publikasie van S. P. Engelbrecht, *Ds Durk Post voor sy aankoms in Suid-Afrika* nie pertinent in sy lys van Geraadpleegde Bronne noem nie. Wel word dié artikel in die voetnote genoem waar Van der Vyver vryelik van hierdie stuk navorsing van Engelbrecht gebruik maak. 'n Tweede punt wat ten opsigte van hierdie eerste deel genoem word, is dat die skrywer se uiteensetting van die agtergronde en beweegredes van die Afskeiding van 1834 in Nederland wel 'n bietjie te veel van 'n swart-wit tekening is met alle besware van dien.

Dieselfde kan ook van die Afskeiding in Suid-Afrika in 1859 gesê word. By 'n gebrek aan materiaal om sy standpunt mee te bevestig was die skrywer soms genoodsaak om konklusies te trek wat nie regverdigbaar is nie. So kom 'n merkwaardige begripsverwarring voor as die skrywer uit die brief van Ph. Snyman aan pres. M. W. Pretorius van 6 Julie 1856 die woord „Kerkelijke kollegien" (bls. 219) gaan bespreek. Hier het die woord dieselfde inhoud as „raad" en lyk die gevolgtrekking dat Snyman hier teen die kollegialistiese kerkregering van die Kerk beswaar sou maak, werklik gesog. Die Dordtse kerkorde het die gereformeerde vadere wel as ideaal voor oë gesweef. Maar om die stelling t.o.v. die kollegialisme te kan bewys, moet nog eers bewys gelewer word dat die vadere die teks van die Kerkorde van Dordt geken het en dit lyk my baie onwaarskynlik gesien die gemak waarmee Postma sy gewysigde Kerkorde in die Gereformeerde Kerk ingevoer het.

Op bls. 310 word gesê dat Postma die „pluraliteit van ware kerke" onderskryf het. Dit lyk my baie onwaarskynlik want die pluraliteitsgedagte was 'n uitvinding van Dr A. Kuyper en stam eers uit die einde van die eeu. In ieder geval is dit jammer dat die skrywer hier nie op hierdie punt nagaan in hoeverre Postma se optrede eerder deur die piëtistiese skrywers van die Nadere Reformasie bepaal is as deur die beginsels wat Calvyn neerlê. Want indien Postma werklik Calvyn se beginsels nagevolg het, sou hy nooit tot 'n afskeiding kon gekom het nie want Calvyn ken seer sekerlik nié die pluraliteitsgedagte as 'n grond vir afskeiding nie.

Hierby wil ek graag ook nog daarop wys dat dit jammer is dat die skrywer nie dieper op die teologie van Postma ingaan na aanleiding van sy *Mijne Handleiding voor de Godgeleerdheid* van 1875 nie. 'n Vergelyking dan daarby met Aeg. Francken *De Kern der Christelijke Leere* van 1713 wat as die basis vir Postma se dogmatiese handboekie gedien het, is 'n studie wat besonder interessante resultate kan oplewer.

Hierdie enkele punte wat aangestip word, neem egter nie die waardering vir hierdie werk weg nie.

'n Laaste punt van formele aard moet nog genoem word. 'n Deeglike register ontbreek en dit verminder ongetwyfeld die waarde van hierdie werk. Persoonlik het ek altyd 'n gevoel van misnoeë as ek 'n kerkhistoriese studie sonder 'n register moet hanteer. 'n Lys van geraadpleegde werke is interessant maar nie by benadering van dieselfde waarde as 'n register nie.

In ieder geval die hoop word uitgespreek dat hierdie werk 'n wye leserskring sal geniet. Die boek verdien dit.

A. D. Pont.